



Stigtingsjaar 1909

Privaat sak X11, Arcadia 0007
Tel. 086 133 3786
Faks (012) 329 0293
E-pos: akademie@akademie.co.za
Webwerf: www.akademie.co.za

Engelenburghuis
Ziervogelstraat 574
Arcadia, Pretoria

Tydlike adres: Soutpansbergweg 92
Riviera, Pretoria

23 Februarie 2016

PERSVRYSTELLING (Vir onmiddellike vrystelling)

AKADEMIE VEROORDEEL GEWELD: AFRIKAANS DIE SLAANSAK

Die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns is ernstig besorg oor die huidige vlag van redelose geweld op kampusse en die skadelike uitwerking daarvan op gehalte-onderried en navorsing in die nasionale tersiêre opvoedingsektor. Geen Suid-Afrikaner, van watter kultuur, religie of politieke oortuiging ook al, ook die mopoproeriges, het belang by die aftakeling van ons universiteite nie, aldus die Akademie. Sinnelose eise wat volgens berigte deur groepe ten koste van Afrikaans as onderrigtaal en administratiewe taal gestel word, is klaarblyklik polities geïnspireer en alle aanduidings is daar dat rassisme (antiblanke) 'n onderliggende faktor in die konflik is. Dit getuig ook van totale onkunde oor Afrikaans as taal wat deur 'n meerderheid nief Suid-Afrikaners gebesig word. Byna 7 miljoen Suid-Afrikaners is moedertaalsprekers van Afrikaans en miljoene Suid-Afrikaners gebruik Afrikaans in die werkplek as tweede of derde taal. Dit lyk of Afrikaans gebruik word as slaansak om ander doelwitte te bereik.

'n Dringende beroep word op leiers van alle politieke partye gedoen om hulle faksies tot orde te roep en te sorg dat 'n kosbare bate – die tersiêre opvoedingsektor in Suid-Afrika – sy status van uitnemendheid in landsbelang behou. Die Regering van die dag, by name die Minister van Hoër Onderwys, moet in hierdie geval sy magte gebruik en 'n sterk standpunt inneem en nie toelaat dat universiteitskampusse letterlik slagvelde vir ideologieë word nie. Die SA Akademie besef dat besture van universiteite, by name die rektore, onder geweldige druk verkeer en nie in werklikheid toegerus is om bogenoemde konfliktsituasies te hanteer nie. Daarom is dit des te meer die Regering se taak en plig om dissiplinêr in nasionale belang op te tree.

Dr. Dionê Prinsloo: Hoof Uitvoerende Beampte

Tel 086-133-3786 / Sel 082 464 6953

E-pos: dprinsloo@akademie.co.za / akademie@akademie.co.za